

**24 Maart**

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 4:24-9:44

## Die Boek van die Lewe

In hierdie tweede gedeelte van die geslagsregisters sien ons dat die fokus wyer gestel word op die nakomelinge van die geslagsregisters van die seuns van Jakob. Hierdie deel is net so belangrik, want Juda het nie alleen gestaan in die geskiedenis van die volk nie. Nee, al 12 seuns het die uitverkore volk van God gevorm. Juda was besonders, omdat die Messias uit sy geslag gebore sou word. Dit maak egter nie die res van Israel minder belangrik of onnodig nie. Ons geskiedskrywer behandel om hierdie rede ook die res van Israel se geslagte.

Dawid was nie koning net van Juda nie, maar van die hele Israel. Die hele Israel as uitverkore volk van God het onder die koningskap van Dawid gestaan. Nadat die ryk verdeel het en die een koning meer goddeloos as die ander was, het die Here sy volk getugtig deur hulle weg te voer in ballingskap. Daarom sluit ons geskiedskrywer af met die name van die wat in Jerusalem kom woon het ná hulle ballingskap. Israel is die volk van God wat geroep is tot gehoorsaamheid aan Hom alleen. Dit is die volk wat ten einde voor die Messias koning moet buig. Maar hoe tragies het die geskiedenis nie verloop nie. Die fisiese nakomelinge van Israel het die Messias nie erken toe hy in hulle midde gewandel en gepreek het nie.

Wonderbaarlik het die genade van die Here egter sigbaar geword en het Hy deur die Gees 'n nuwe Israel gebore laat word. Dit is die ware Israel wat uit alle volke nasies en tale geroep word en voor die heerskappy van ons ewige Koning buig. So is ons ook nou volk van God; al word ons nie in die geslagsregisters van Israel opgeteken nie, kan ons weet elke kind van God wat deur die geloof voor Hom buig, se naam is in die Boek van die Lewe opgeskryf.

Sing: Psalm 45:1 ,9, 10 (1937)

Ds C Jooste (Wonderboompoort)